



Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 31

Dit is veral by sake rondom kerk en ampsdraers dat die eerste lees die konteks deeglik in ag moet neem. Daarsonder gaan belangrike nuanses verlore. Die NGB wil na twee kante afgrens. Aan die een kant is daar die Roomse kerk met 'n gevestigde hiërargie. Daarmee saam het die Roomse priesters nie veel gedoen in die gemeentes waar hulle geplaas is nie. Priesters is geplaas sonder om die gemeentes in ag te neem. Soms was die plasing die resultaat van 'n guns wat aan 'n persoon of familie (aan die priester se kant) verskuldig was. Die Roomse kerk het met ander woorde vanuit 'n magposisie geen belangstelling gehad in die ervarings van lidmate nie, 'n ongeërgde houding wat mense vervreem het.

Aan die ander kant was die chaos van die Anabaptiste benadering vir almal baie duidelik. Charismate was oortuig dat kerklike strukture en orde in die gemeente die Gees inperk en verhinder om "te waai waar Hy wil". Dit het dit moontlik gemaak vir charismatiese leiers om mense te oortuig dat hulle eie woorde evangelie is. Mense soos die kleremaker Johannes van Leyden (Münster se "profeet") se woord dat die Gees met hom gepraat het was al aanstelling waarop hy aanspraak gemaak het. Wat het hy gemaak met hierdie onbepaalde invloed? Mense wat teen hom gepraat het, is doodgemaak, huwelike is ongeldig verklaar en hy het sommer gou sestien van die mooiste "nuut beskikbare" bruide sy eie gemaak. Chaos het in die stad geheers. Sy

teregstelling was onafwendbaar. Hy is nie die enigste voorbeeld wat uit die geskiedenis gehaal kan word nie. Daar is meer as een kultiese beweging in hierdie wêreld. Mense soos Jim Jones en David Koresh se leierskap het in dood en vernietiging van mense se lewens geëindig.

In ons eie land is die vergrype in die naam van die Here duidelik sigbaar. Daar is die pastore en geestelike leiers wat in die hof aangekla word van verkragting. Daar is die gulsige pastore wat die rande in hark met vertonings en manipulasie op groot skaal. Hulle aanhang is maklik om te illustreer. Stel in enige geselskap dat Angus Buchan 'n selfgesentreerde charismaat is en staal jouself vir die aanslag van mense wat hom gaan verdedig. Die ironiese is dat baie protestante wat glo dat God Homself net in die Woord openbaar, goedgeelowig vir Buchan glo wanneer hy beweer dat God iets vir hom gesê het.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat die ordening van die kerk saakmaak. Die Bybel is hier van groot hulp, nie omdat die Bybel 'n struktuur voorskryf nie (net in die Ou Testament rondom die tempel), maar juis omdat sekere beginsels afgelei kan word uit die Skrif.

DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK

Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God

leer. Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.

Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is - die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk. Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen, en sover moontlik sonder murmuring, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.

DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK

Die Nederlandse Geloofsbelydenis dui aan dat die mense wat ampte gaan beklee in hierdie artikel bespreek gaan word. Dit is opvallend dat daar nie gebruik gemaak word van die woorde "al" of "sommige" nie. In die tyd waarin ons nou is, is daar drie relevante ampte. Dit beteken nie dat net hierdie drie ampte bestaan nie. Die amp van apostel byvoorbeeld, het afgesluit met die afsterwe van die langsliewende apostel, Johannes. Die vroeë kerkvaders het as ouderlinge opgetree. Die verkondigers van die Woord is tegelyk ook die profete. "Profete" is daardie persone wat God se wil aan mense bekend maak. Deur die eeue is die term uiteenlopend verstaan. Johannes van Leyden het homself as

profeet gesien. Die Roomse kerk het leke, priesters, biskoppe, kardinale en die pous gehad. Die Reformatoriese verstaan van kerkbestuur moes derhalwe duidelik aangedui word.

Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk,

Daar is drie ampte wat in Reformatoriese verstaan van belang is naamlik; Woordbedienaars, ouderlinge en diakens. Daar is nie ander ampte nie. Persone wat in hierdie ampte dien, word op 'n besondere manier aangewys. Dit is deur wettige verkiesing dat mense in ampte dien. Die proses werk ongeveer so; daar is werk wat in die kerk/gemeente gedoen moet word. Om hierdie werk te kan doen moet 'n persoon verkies word om die leemte te vul. Hierdie verkiesing vind plaas binne die gemeente self. Dit is nie so dat 'n persoon tot ouderling of diaken verkies word omdat hy/sy so 'n eerbiedwaardige of dienende persoon is nie. Die vakature bestaan of word raakgesien en dan word dit gevul.

onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer.

Die verkiesing van ampsdraers is nooit 'n menslike lukraak onderneming nie. Gehoorsaamheid aan God se Woord bly van kardinale belang. Enige verkiesing geskied biddend en ordelik. Hierdie benadering van gehoorsaamheid en gebed blyk dan ook uit die vraag wat gestel word; "Glo jy dat jy deur die gemeente van God en daarom deur God selfs tot hierdie amp verkies is?"

Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.

Ten tye van die opstel van die NGB was kerklike posisies gesog, veral omdat dit met mag gepaard gegaan het. Simonie was 'n algemene praktyk, veral in die Roomse kerk. Simonie verwys na 'n praktyk vernoem na Simon Magus, die towenaar van Samaria wat die vermoë om die Heilige Gees oor te dra, probeer koop het. Dit is die praktyk van wins maak uit- of andersins bevoordeel te word uit die koop en verkoop van geestelike voordele of gunste wat daarmee verband hou, soos 'n amp. Daar was meer as een Roomse biskop en selfs kardinaal wie se titel deur 'n ryk familie gekoop is. Dit is belangrik vir elke ampsdraer om oortuig te wees dat God self hom of haar geroep het. Dit is veral van belang wanneer daar onder dissipline opgetree moet word. Ons is almal sondaars en het geen reg om mekaar te oordeel of veroordeel nie. Die ampsdraer is deur God geroep en doen God se werk. Die ampsdraer kan ampshalwe mense aanspreek.

Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is -

die enigste algemene Opsier en die enigste Hoof van die kerk.

Die NGB en die Reformatore neem sterk standpunt in teen enige hiërargiese struktuur. Die Roomse kerk het lekepredikers, priesters, biskoppe, kardinale en die pous gehad, almal in rangorde van gesag georden. Lidmate en diakens het geen gesag in die Roomse kerk gehad nie. Die pous was in Roomse denke en optrede net een stappie verwyderd van God in terme van gesag.

Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen, en sover moontlik sonder murmuring, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.

Die kerkvolk word opgeroep om respek te betoon vir die verkondigers en ouderlinge wat ampshalwe hulle werk doen. Dit is nie die persoon wat die agting waardig is nie, dit is die werk wat hierdie persone doen wat agting afdwing. Lidmate sal beslis nie daarvan hou om aangespreek te word oor volhardende sonde nie. Tog is dit die taak van die ouderling om lidmate te wys op 'n lewe wat na die verderf lei. Lidmate moet hierdie aanspreek sien as iemand wat as spreekbuis van God, besig is om God se werk te doen.